# Fokus

*Fokus* is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe

*T.T. Cloete*

Deurlopende motiewe in die Psalms 137

# Deurlopende motiewe in die Psalms

T.T. Cloete
Buitengewone professor
Vakgroep: Afrikaans en Nederlands
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: ttcloete@iafrica.com

**Abstract**

**Recurrent motifs in the Psalms**

*The process of versifying the Psalms not only opens the eye to the importance of small detail and recurrent motifs; it also underlines the general line of thought present in the Book of Psalms. One of these main themes encountered is the interactive relationship between God and man as illustrated inter alia by the images of the hand, the eye and the motif of God and man as being "partners"; of man as being the property of God and as co-inhabiting a mutual dwelling. The end result of the versifying process is thus a deliberate attempt to encorporate both the general and the particular of the original text in a meticulous and Biblically responsible way.*

## 1. Inleidend

Die digter moet met die omdigting van die Psalms getrou bly aan die oorspronklike Bybelteks, want elkeen van die 150 Psalms het 'n bepaalde struktuur. Getrouheid aan die Bybelteks beteken nie net getrouheid aan die inhoud nie maar ook aan die struktuur van die Psalms en in die besonder aan die temas, metafore en beelde wat gebruik word. Die struktuur van die Psalmboek as 'n geheel moet dus ook voortdurend in gedagte gehou word. Tog moet ook nougeset gelet word op klein besonderhede.

## 2. Klein besonderhede en die deurlopende gedagtegang

By die omdigting van die Psalms is daar talle dinge waarmee 'n mens rekening moet hou. Wat by 'n gewone lees dalk lyk na niks besonders nie, is soms belangrik. As die maan byvoorbeeld in 'n bepaalde Psalm eerste genoem word en die son tweede, mag jy die volgorde nie omruil

nie, net so min as in Genesis waar daar elke keer staan: “Dit het aand geword en dit het môre geword; dit was die eerste/tweede/ensovoorts dag”, want daar is uit die donker na die lig beweeg of geskep. Net so is ander besonderhede belangrik wat dalk misgekyk kan word, soos byvoorbeeld dat die name van berge of riviere windrigtings aandui, of dat seders en palms nie bloot dekoratief is nie maar metafore is vir mense.

Die voortdurende studie wat ek moes onderneem vir die omdigting van die Psalms het my oë oopgemaak om te let op klein besonderhede, maar ook op die groter, deurlopende gedagtegang in die 150 Psalms.

As ons daaraan dink dat daar meer as een Psalmdigter was, is dit merkwaardig dat die 150 tekste so homogeen is, op verskillende maniere. Dit klink as ’t ware of die 150 Psalms uit een hand of een mond of een hart kom as ons kyk na die baie deurlopende motiewe.

## 3. Die interaktiewe verhouding tussen God en mens

Een van hierdie sake wat dwarsdeur die Psalms ter sprake kom en wat ’n hoofgedagte is, is die verhouding tussen God en mens. Dit is ’n tweesydige en aktiewe verhouding, dit is ’n handeling, wat nie net uitgaan van God nie maar ook van die mens. Hierdie verhouding maak van die mens ’n aktiewe gelowige, net soos God ’n aktiewe skepper en instandhouer is van die skepping en die mens.

God, wat ons nie mag afbeeld en nie kán afbeeld nie, word in die Psalms vir ons aanneemlik voorgestel. Die Psalms gee nie alleen ’n “beskrywing” van God nie maar in Psalm 115 ook van ’n afgod, en nie verniet en sommer in die verbygaan nie. Daar word van die afgod gesê dat hy nie kan praat nie, nie kan sien nie, nie kan hoor nie, en hy het hande en voete, maar hy kan daarmee niks doen nie (Liedboek: 115):

> So ’n afgod, kan hy praat,
> daardie lippe, daardie mond?
> Blind is daardie blink gelaat,
> daardie oë groot en rond …
>
> Daardie ore, kan hul hoor?
> Daardie neus daar, kan dit ruik?
> Voete het hy, maar waarvoor?
> Kan hy daardie hand gebruik?

Hier word ten opsigte van die afgod juis dit ontken wat by God vier magtige instrumente is. Die ware God kan juis sien, hoor en praat, en sy hand kan uitreik na die mens. God praat in hierdie wederkerige verhouding met die mens, en in party Psalmgedeeltes word dit wat Hy sê

tussen aanhalingstekens geskryf. Daar is in die Psalms ’n voortdurende gesprek tussen God en mens. God hoor en verhoor die mens ook in die wederkerige verhouding en die mens kan Hom hoor. Op dieselfde wederkerige manier sien Hy ons en sien ons sy vingermerke (Ps. 8). Daar is ten slotte aanhoudend ’n wedersydse handereik tussen God en mens.

Daar is ook nog ander instrumente in hierdie interaktiewe verhouding, waarop nie nou verder ingegaan word nie. Ek gaan ook nie verder in op die gesprek tussen God en mens nie. Ek wys net kortliks daarop dat God in die Psalms skep en maak deur net te praat of te noem. Gaan lees onder meer Psalm 148.

## 3.1 Die hand

In die Psalms word die hand gesien as instrument tussen God en mens. Michelangelo het in die Sixtynse kapel in Rome ’n fresko geskilder van God wat die mens skep. God kom van regs in die lug aangesweef en steek sy regterhand uit na die mens. Die mens lê links, op die aarde, met sy bolyf effens agteroor, met sy regterbeen uitgestrek in die rigting van God en sy regterarm stut sy terugleunende bolyf. Sy linkerbeen is opgetrek, met net die voet wat die aarde raak. Op sy knie wat opgetrek is, rus sy linkerhand, met die voorvinger uitgesteek na die regter-voorvinger van God. So is hierdie mens gedeeltelik los van die aarde. Michelangelo het hier geskilder in die algemeen geldige Christelike idioom en in die idioom van die Psalms, en dan veral gaan dit in die fresko en die Psalms daarom dat die uitsteek van die hand of vinger nie net van God kom nie, maar ook van die mens. Die Psalms is vol van ’n tweerigtinggebaar.

Intussen moet ons onthou dat ’n afgod ook hande het maar niks daarmee kan doen nie.

Die tweerigtinggebaar van die hande kom natuurlik nie noodwendig in dieselfde Psalm voor nie maar tussen die Psalms onderling. Dit geld ook vir die ander deurlopende motiewe. Die 150 Psalms is in voortdurende gesprek met mekaar en vul mekaar aan.

Soms was dit by die omdigting moontlik om in byna dieselfde be-woording of frases as die Bybel die omgekeerde handgebare te beskryf. Soms was dit nie so maklik nie en alleen by benadering moontlik, maar die so-na-moontlik het die ideaal gebly.

Wanneer ek voorbeelde gee van die tweesydige gebare, wys ek daarop dat sulke voorbeelde, ook met betrekking tot die ander motiewe, dwars-deur die Psalms versprei lê, asof ons voortdurend by die deurlees van

die 150 gedigte aan hierdie interaktiewe verhouding herinner word, en die verskillende motiewe gesamentlik in hulle verspreiding dwarsoor die 150 liedere is 'n kragtige herinnering aan hierdie tweesydige verhouding.

**Die uitgestrekte hand van God**

Die beeld van die hand van God kom onder andere voor in die volgende Psalms:

- Psalm 18:17 (Bybelteks, NV): "Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp".
- In Psalm 138:7 (Bybelteks) lui dit in dieselfde taal: "U strek u hand uit, u regterhand red my" (OV: "U steek u hand uit …").
- Dit lui amper weer net so in Psalm 144:7 (Bybelteks): "Strek u hand van bo af uit, bevry my."

**Die gebaar wat van die mens uitgaan**

Nou die omgekeerde gebaar, wat van die mens uitgaan. Daarvan lees ons in Psalm 141:2 (Bybelteks). Waar die mens nou sy hand na God s'n opsteek, kry ons weer dieselfde taal: "Mag …die uitstrek van my hande soos 'n graanoffer … wees" (OV: "die opheffing van my hande …"). In die Liedboek-psalm is die "uitstrek" behou:

> en neem dit as 'n offer aan …
> as ek my hande na U uitstrek.

'n Laaste voorbeeld van die tweerigtinghandgebare. In die Bybelteks van Psalm 134:2 lees ons: "Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here!" Die Liedboek-gedig lui:

> hef snags die hande op na Hom
> en prys Hom in sy heiligdom.

## 3.2 Die oog as verhoudingsinstrument

'n Tweede instrument in die aktiewe tweesydige verhouding is die oog. Soos van die wederkerige hande, is die Psalms vol oë, van God en mens, in 'n tweerigtingblik. Daar is, wat die oog betref, deur die hele Psalmboek ook weer dieselfde verspeiding soos van die hand.

Soos die tweerigtinggebaar van die hand nie altyd in dieselfde Psalm voorkom nie maar tussen verskillende Psalms onderling, is dit ook die geval met die oog. Die oog van God kom ook vroeg in die Psalmboek reeds ter sprake: (Bybelteks) Psalm 11:4: "Sy oë is oop, sy oë keur die mensekinders" (OV: … sy oë sien …").

God wat uit die hemel met sy hand afreik na die mens, kyk ook af na die mens:

- Psalm 33:13/14 (Bybelteks) lui: “Die Here kyk uit die hemel en sien al die mense. Van die plek waar Hy as koning sit, sien Hy almal” (OV: “Die Here kyk van die hemel af …”).
- Psalm 94:9 (Bybelteks) vra op ’n pragtige en oortuigende manier: “Sou Hy wat vir ons oë gemaak het, nie kan sien nie?”. En onthou dan: Die afgodsbeelde kan juis nie sien nie. Die Liedboek-teks lui:

  Hy wat ons oog en oor gemaak het,
  sou Hy dan blind en doof geraak het?

Die tweerigtingblik is net so dwingend as die wederkerige gebaar van die hande, want dit is nie genoeg dat Hy na ons afkyk en ons deurkyk nie, dit is nie genoeg dat Hy sy oog oor ons hou nie, ons moet ook na Hom opkyk in die aktiewe verhouding met Hom.

’n Eenvoudige voorbeeld van die tweerigtingblik van die oë, hierdie keer in dieselfde Psalm, is Psalm 53:3. Eers is daar die afkyk van God (Liedboek):

Die Here kyk neer van omhoog

en dan die omgekeerde kyk, die opsien na Hom:

Ag, Israel, sien op na Hom.

Psalm 139 is vir my een van die mooistes, en dit is dié Psalm van die oog van God (Bybelteks; die NV is meer in die idioom van die oog geskryf as die OV):

- vs. 1: “Here, U sien dwarsdeur my”;
- vs. 15/16: ek is gevorm in die moederskoot “waar niemand dit kon sien nie”, maar God het my daar gesien;
- (vs. 16): “U het my al gesien toe ek nog ongebore was”.

En dan ten slotte is dit mooi, die “terugkyk” van die mens, as hy “opsien” na God:

- (vs. 23/24): “ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie”.

Die Liedboek-teks begin in str. 1, vs. 1 met daardie oog van God: “Here, U sien dwarseur my.”

Strofe 6 handel oor die alles deurstralende oog van God, en dan in strofe 7 daardie wonderlike sien van God:

> In my donker diep ontstaan
> het ek in u oog geleef

In die Bybel en in die Liedboek sluit die begin en einde van die Psalm by mekaar aan en kom die tweerigtingblik by mekaar uit: God sien dwarsdeur my, en van my kant vra ek dat Hy my raaksien (Liedboek):

> U wat dwarsdeur my kan kyk,
> sien in my die onrus raak …
> Here, bly tog oor my waak.

Die opkyk na God staan ook nog in Psalm 141:8 (Bybelteks): "Op U, Here my God, aan wie ek behoort, is my oë gerig". Dieselfde gedeelte in die Liedboek, strofe 7, lui:

> O Heer, op U rig ek my oë,
> my skuiling – ek, u eiendom.

## 3.3 Die God-mensverhouding as "vennootskap"

Opsetlik haal ek bogenoemde gedeeltes aan, ter wille van daardie "behoort" aan God, as sy "eiendom", wat soos die hande en die oë 'n helder deurlopende motief of gedagte in die Psalms is en wat naas die hand en oog 'n derde motief is van die tweesydige verhouding God-mens. In die vers wat pas aangehaal is: "my skuiling … u eiendom, gaan dit om die gemeenskaplike besit, 'n soort mede-eienaarskap of vennootskap: Ons word deur God opgeëis as sy eiendom, maar omgekeerd eien die Psalmdigter hom God toe as sý besit, as "my God". Hierdie tweekantige besit of eiendom is die ekwivalent van die wedersydse handgebaar of die tweerigtingblik van die oog.

- **Psalm 78**

Voor God is ons gering, maar ondanks ons geringheid is ons tog 'n kosbare besit. God bedwing sy toorn in Psalm 78, want:

> Herhaaldelik het Hy sy toorn bedwing,
> daaraan gedink: Dis mense, so gering,
> soos wind wat kom, verby waai, slegs 'n vlaag
> wat nooit terug sal keer nie maar vervaag.
> (Liedboek, str. 11)

Die Bybelteks lui:

> "Hy het daaraan gedink dat hulle maar mense is, wind wat verbywaai en nie terugkom nie."

- In **Psalm 103:6** (Liedboek) staan daar:

> Die Here is ons stoflikheid gedagtig,
> ons is 'n korte lewensduur deelagtig,
> soos van 'n veldblom, kwesbaar, of soos gras.
> Die Here weet waarvan Hy ons gemaak het.
> As die woestynwind ons eers aangeraak het,
> bly daar 'n leegte, altyd, waar ons was.

Hierdie woorde klink amper of dit uit Psalm 90 kom, en hier het ons een van die voorbeelde van die eenstemmigheid van die Psalms.

- **Psalm 144** (Liedboek, str. 2):

> Wat is die mens dat U tog U verwerdig
> om soveel aandag dan aan hom te gee?
> Wat steek daar in die mens wat dit regverdig
> dat U, Heer, liefde aan hom bly bestee?
> 'n Nietigheid, 'n skadu wat vergaan,
> 'n asemstoot, oor hom is U begaan.
> U hou, o Heer, dié nietigheid in stand,
> en U behoed hom seënend met u hand.

- **Psalm 49** (Bybelteks) vs. 16 lui:

"Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood; ek sal aan Hom behoort." In die omdigting van hierdie verse het ek in een vers (str. 6) die dubbele gedagte probeer saambring: dat Hy my as sy eiendom Hom toeëien, en dat ek van my kant Hom as myne noem ("my God"):

> Maar ek, ek is my God se eiendom,
> al het ek niks, behoort ek tog aan Hom.

Dit gaan natuurlik nie net om die enkeling as eiendom van God nie. Die volk is ook sy eiendom, trouens, alles is syne, want Hy het alles gemaak.

## 3.4 Die saamwoon van God en mens

'n Vierde en laaste voorbeeld van die interaktiewe verhouding tussen mens en God is die motief van die saamwoon van mens en God, in die gemeenskaplike woning of stad of land. Ook hierdie motief is dwarsdeur die Psalms versprei. God is oral volgens Psalm 139, dus ook hier! God is in Psalm 46 saam met die mense in die beleërde stad. Nie verniet nie het van die mooiste Psalms in die Bybel betrekking op Jerusalem, die tuiste van God én mens. Dink byvoorbeeld aan die volgende Psalm:

- **Psalm 48**:

Hier op die berg heers Hy as koning,
hier in die stad het Hy sy woning.
Onskatbaar is sy waarde,
’n vreugde vir die aarde,
die stad wat in ons blydskap wek,
oneindig mooi so ver dit strek …

Loop om die stad, trek daaromheen,
bekyk sy skanse een vir een,
bekyk sy mure, tel sy torings,
hoe is die bouwerk vol bekoring.
Waardeer hom met verering,
aanskou die stad se wering,
sy veiligheid, slaan daarop ag,
vertel dit aan die nageslag …

God woon by ons in, ons woon omgekeerd by Hom in. Hy nooi ons uit, ons neem dit omgekeerd van ons kant aan en ons wil by hom intrek, in die aktiewe tweeledige verhouding God-mens.

- **Psalm 23**

In die oorbekende Psalm 23 word die beelde van die herder en sy kudde, van weiveld en waters, van rus en vrede gebruik, maar ook weer die veilige hand van God. Die finale beeld van hierdie gedig is egter nie dié van ’n herder nie maar van ’n Huiseienaar en Gasheer wat ons ontvang as eregas. U ken die Bybelteks waarskynlik goed, maar ek haal die teks uit die Liedboek aan, die slotstrofe, waar ons daardie bekende wederkerigheid ook hier kry: Die gasvrye God nooi van sy kant ons as eregas uit, maar ons wil van ons kant graag by Hom inwoon, ons is mede-eienaars van die huis:

Totdat dit oorloop, Heer, vul U my beker.
’n Feesmaal word vir my as eregas berei.
Van gasvryheid word ek deur U verseker.
U salf my hoof, u tafel is oorlaai vir my.
Ek bly by U, Heer, in u huis van voorspoed
en lewenslank deel ek daar in u oorvloed.

- **Psalm 132**

Ek dink Psalm 132 is dalk die beste voorbeeld van hierdie saamwoon. Dit is die gedig waar Dawid sê dat hy nie in die intiemste deel van sy eie huis, sy slaapkamer, sal ingaan as hy nie ’n woning vir God gemaak het nie (Bybelteks vs. 5): “’n woning vir die magtige God van Jakob”. Dan kom die uitnodiging of opdrag (vs. 7) aan die mens: “Kom ons gaan sy

woning binne”. Daarna word die Here binnegenooi (vs. 8): “Kom na u rusplek toe, Here …”

Dis die omgekeerde van Psalm 23! Daar is ’n pragtige tweegesprek tussen Psalm 23 en Psalm 132. In Psalm 23 nooi God die mens binne, hier word God deur die mens binnegenooi. Dit is dieselfde soort wederkerigheid of omkering wat ons ook met betrekking tot die hand en oog en eiendom teengekom het. Dan praat God self en sê dat Hy onder die mense wil woon. God kies Sion op aarde as sy woning (vs. 14): “Dit is my rusplek vir altyd; hier wil Ek woon.”

- **Psalm 84**

Van die mooiste en mees digterlike Psalmverse handel oor die gemeenskaplike woning of tuiste van God en mens, die mede-eienaarskap, soos Psalm 84. Ek gaan hier nie die baie bekende Bybelse Psalm aanhaal wat vol is van die begrip *woon* en sy verwante nie, ek hou die Liedboekgedig aan u voor om bepaalde redes:

> Hoe lief het ek u woning, Heer.
> Ek wil U in u tempel eer.
> Ek smag na U met sterk verlange.
> Met daardie mense gaan dit goed
> wat in u tempel U ontmoet …
>
> Ek prys U daar met hart en vlees
> waar selfs die mossie tuis mag wees
> by u altare hoog verhewe.
> Die swaeltjie is daar ewe tuis;
> ’n woning is vir my u huis
> waar ek bestendig met U lewe.
> Met al die mense gaan dit goed
> wat in u tempel U ontmoet …

Nou volg daar wat ek noem die Goddelike *uitgaanstrofe*:

> U maak vir hul fonteine oop
> wat deur die laagte loop.
> u stuur vir hul die vroeë reën …
> en *uit u huis* kom baie seën.

Ek hoop u het gelet op hierdie “uit u huis”, waarop dan die menslike *ingaanstrofe* volg:

Almagtige, my God, my Heer,
in wie se huis ek graag verkeer,
hoor, luister tog na my gebede.
Wees ons beskermer, Here, kom,
sien ook na u gesalfde om.
Gun ons u huis se heerlikhede.
Liefs één dag *in u tempel gaan*
as duisend dae buite staan.

- **Psalm 122**

Ek wil ten slotte verse uit die *tuiskomgedig* aanhaal, Psalm 122, soos dit in die Liedboek staan:

Met blydskap hoor ek roep 'n stem:
Kom, ons gaan na Jerusalem.
Hier is Gods huis, hier is ons nou;
o stad, ons voete staan in jou …

Jerusalem, ek gun jou vrede,
dis waar ons God se woning staan.
Sodat dit met jou goed sal gaan,
dink ek aan jou in my gebede.

Daar is nog ander deurlopende motiewe wat die wedersydse verhouding van God en mens in die Psalms betref, maar ek volstaan met die vier wat hier behandel is. As ons dié vier tweesydige motiewe saamlees, dan loop hulle soos 'n goue vlegsel deur die 150 tekste.